## KORRESPONDENSIE

D. v.Z. Kotzé, Vakhoof Geskiedenis, Laerskool Bellpark skryf:

Waar ek grootgeword het - dit is nou Bredasdorp in die Suid-Kaap - het daar in my prille jeug iets gebeur wat 'n onuitwisbare indruk op my gemaak het. Ons gewone predikant was met langverlof en 'n afgetrede leraar het in sy plek waargeneem. Bo en behalwe dat "Ou dominee" vir ons as kinders stories vertel het net soos ons eie oumas en oupas, het hy telkens die gemeente gestop wanneer hulle na sy mening te flou of te sag gesing het. Dan het hy hierdie woorde aangehaal wat by my al die jare gebly het: "As ons eendag voor die groot Regterstoel kom, wat sal ons antwoord wees op dié vraag: Wat het jy met die stem gemaak wat ek vir jou gegee het? Het jy my geloof of geprys - of stilgebly?"

Wat het dit met Geskiedenis en spesifiek kontemporêre Geskiedenis te doen? Baie!, sal ek sê. Gaan ons as Geskiedenisonderwysers nie eendag gevra word: "Hoekom het jy in jou Geskiedenisklas(-se) stilgebly toe jy die kans gehad het om eerlik en opreg met jou leerlinge te praat oor dit wat om hulle aangaan?"

Of sal ons bly skuil agter die gerieflike woorde "leerplan", "ek moet hou by die sisteem", "ek het nie tyd nie", of "watter nuutjie is dit nou alweer"?

Voor ek met verdere studies in Geskiedenis begin het, was dit vir my mooi - nog steeds mooi - om te hoor in die Bybelonderrigklas hoe leerlinge bid vir die "manne op die grens", vir mense "agter die Ystergordyn", vir mense "agter die Bamboesgordyn".

Nou weet ons hoe dramaties gebeure gebeur het in SWA/Namibië, in Kommunistiese China, in die Oos-Europese lande, in die Sowjet-Unie en ter plaatse. Ewe skielik is daardie vae begrip van "gordyne" nie meer daar vir ons leerlinge nie. Deur middel van die media word die leerlinge voor ons in die klas gebombardeer met kontemporêre geskiedenis. Vrae ontstaan oor bv. hoekom word Marxistiese diktature afgebreek agter die Ystergordyn; hoekom 'n muur twee Duitslande kon geskei het; hoekom het jong mense op die Tiananmen-plein in Beijing geprotesteer - en, nader aan ons, wat het dan gebeur in Angola/SWA/Namibië; wie is Nelson Mandela, Sam Nujoma, Jonas Savimbi, Walter Sisulu? Waar is Rivonia? Wat het daar gebeur in 1960/1961?

Die kind/leerling voor ons vandag in ons klasse, en spesifiek die Geskiedenisklas, sit met vrae - vrae oor ons Geskiedenisleerplan, ja, maar ook oor die gebeure/en persone wat ek genoem het.

Ons, as Geskiedenisonderwysers, as ons ons sout werd is, het die dure plig om hierdie vrae te beantwoord op 'n ewewigtige wyse sonder om emosies op te sweep en aan te blaas.

U sal sê dat dit verregaande is wat ek nounet gestel het. Nee, inteendeel, ons leerlinge het hul spesifieke leerplanne om deur te werk - hulle moet weet wie hulle is, waar alles vandaan kom - maar, hulle moet ook weet waarheen hulle op pad is met vandag se gebeure, dus die kontemporêre gebeure om hulle, wat vandag is en wat saak maak. Ons moet nie die stadium bereik waar ons ons leerlinge net leerplangerig wil hou nie, terwyl die dramatiese kontemporêre gebeure om hom/haar en ons verbygaan nie.

Ek doen 'n geroep op myself en op my kollegas om meer kontemporêr te raak by ons Geskiedenisaanbieding, of so nie loop ons die gevaar om 'n belangelose jeug op te lei, eerder as om hulle in te lig en toe te rus, sodat ons leerlinge wat voor ons sit, kan weet waaroor al die gebeure gaan.